

# ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

#### INLEIDEND

'n Boerdery is 'n lopende saak. Dit moet aanhou bedryf word om aan die boer 'n inkomste te verskaf. Daarby het 'n boerdery ook 'n unieke sikliese geardeheid wat tot gevolg het dat daar altyd werk in die proses is:

- Die mielies wat op die land staan moet binne drie maande geoes word;
- Die ooie wat nou by die ramme loop moet binne vyf maande lam;
- Die kalwers wat nou aan die koeie suip moet oor twee maande gespeen word;

en so is daar basies nooit 'n werklike begin- en eindpunt in 'n boerdery nie.

Die boerdery moet ook tred hou met die ekonomiese omgewing waarbinne dit funksioneer:

- Trekkers en implemente moet gereeld vervang word;
- Bykomende grond moet deurlopend aangekoop of gehuur word;
- Nuwe ontwikkelings (damme, store of besproeiing) moet aangebring word;

sodat die boerdery kan by bly met die ekonomie van skaal om nog steeds vir sy eienaar 'n inkomste te kan voorsien.

Op 'n dag tree die boer dan uit hierdie lopende en voortdurend uitbreidende besigheid en moet daar 'n plan in plek wees oor die voortsetting van die boerdery deur 'n nuwe eienaar. Dit word erfopvolging genoem.

#### **Wat erfopvolging nie is nie**

Daar is baie verwarring oor wat erfopvolging is en daar is baie sogenaamde kenners wat met 'n versekeringsmotief vir die boer wil boedelbeplanning doen. Daarom kan daar baie duidelik onderskei word wat erfopvolging nie is nie:

- Erfopvolging is nie bloot die opstelling van 'n testament nie. 'n Testament is beslis 'n belangrike deel van erfopvolging maar definitief nie die enigste aspek daarvan nie.
- Erfopvolging is nie bloot net die uitneem van 'n polis om aan die vrou en kinders geld by die boer se afsterwe te voorsien nie. Uiteraard is dit belangrik dat die naasbestaandes finansiële versorg moet wees maar dit is nie die enigste doelwit van erfopvolging nie.

- Erfopvolging is nie bloot net die beplanning van die boedel vir afsterwe nie. Dit is belangrik om te weet hoeveel boedelbelasting daar by afsterwe betaal gaan word en wie watter bates moet kry. Weer eens vorm dit 'n belangrike komponent van erfopvolging maar dit is beslis nie die enigste komponent daarvan nie.
- Erfopvolging gaan nie net oor die seun wat die plaas moet kry en die dogters wat 'n bedrag kontant uit polisse moet erf nie. Die hele familie (pa, ma, seuns en dogters) se finansiële behoeftes moet met erfopvolging aangespreek word.
- Erfopvolging gaan ook nie net oor pa wat wil ophou boer en seun wat die boerdery moet kom oorvat nie. Uiteraard moet iemand die boerdery kom oorvat maar daar moet 'n duidelike in- en uitfaseringstydperk vir al die partye aan gekoppel wees.

### **Wat erfopvolging is**

Erfopvolging gaan oor die vrywillige oorgee van die boerdery vanaf die huidige eienaar na 'n volgende eienaar op 'n voorafbepaalde tydstop. Die veronderstelling is gewoonlik dat die nuwe eienaar die boer se kind of kinders is en dat die boer nie voortydig te sterwe gaan kom nie. Gevolglik is hierdie oorgang aan spesiale en soms unieke voorwaardes of reëlings onderhewig wat normaalweg nie by 'n gewone koop- en verkooptransaksie teenwoordig is nie. Die beplanning daarvoor moet betyds gedoen word met inagneming van die hele familie (ouers, minderjarige kinders, meerjarige boerende kinders en nie boerende kinders) se lewensbehoefte, die uittredende geslag se aftreeplanne en ook die oorgangsmatreëls wat gevolg gaan word. Om dit te kan doen is daar verskeie aspekte wat gedurende die beplanning en die uitvoering van die planne aandag moet geniet.

Die beplanning kan nie sonder behoorlike inligting gedoen word nie. Die eerste aspek behels dus die insameling van inligting. Die persoonlike inligting van die betrokke familielede en moontlik ook ander persone wat nie noodwendig familie is nie maar wat wel by die erfopvolging betrokke is, moet gedokumenteer word. Die finansiële inligting van die boerdery en selfs ook dié van die betrokke individue, vorm uiteraard ook 'n belangrike deel van die erfopvolging. Enige ander inligting wat relevant tot die erfopvolging is, moet ook gedokumenteer word.

Die unieke aspekte wat betrekking op die spesifieke boerdery het moet tweedens ook vasgestel word. Die kritiese aspekte handel met die eienaarskap van die boerdery, beheer oor die boerdery, verskaffing van sekuriteit vir die boerdery se skuld, wie almal op die plaas gaan woon en of die bates gelykop of gelykmatig tussen boerende en nie boerende kinders verdeel gaan word. Daarmee saam moet die doelwitte van die erfopvolging vasgestel word en moet die betrokke familielede kennis dra van die instrumente wat tot hulle beskikking is om die plan deur te voer naamlik belasting, besigheidsvorme, lewensversekering, trusts, testamente, huweliksvorme, ens.

Derdens is trusts 'n belangrike instrument in erfopvolging. Daarom is spesifieke kennis oor die oprigting van 'n trust, administrasie van 'n trust, belasbaarheid van 'n trust en die wysiging, herroeping of beëindiging van 'n trust belangrik vir die hantering van erfopvolging.

Die erfopvolgingsplan moet vierdens opgestel en gedokumenteer word. Hierin moet die uiteindelijke doelwitte geformuleer word en die sleutelkomponente van die plan gedefinieer word. Laasgenoemde behels die deelname van die familielede in die erfopvolging, die uittredende party se aftreebeplanning, die oordrag van beheer oor die arbeiders van die boerdery, die oordrag van die bestuur van die boerdery, die oordrag van die eiendomsreg van die boerdery se bates, voorsiening vir onverwagte gebeurtenisse en laastens die vasstelling van 'n tydskedule vir die uitvoering van elke komponent van die plan.

Erfopvolging is vyfdens nie volledig sonder 'n testament nie. Die moontlikheid is altyd daar dat die uittredende party (pa) of selfs die intredende party (seun) voor die tyd te sterwe kan kom. Die testament moet sulke onvoorsiene gebeure aanspreek. Die opstelling van die testament, inhoud daarvan, aanstelling van 'n eksekuteur en die gereelde hersiening van die testament moet dus deel vorm van erfopvolging.

Hoewel die uiteindelijke boedelberedding nie meer in die boer se hande sal wees nie is die beredding van die boedel by afsterwe laastens 'n belangrike aspek van erfopvolging. Indien die boer sy erfopvolging behoorlik beplan het, die testament as 'n gebeurlikheidsplan vir voortydige afsterwe opgestel het en by die tydskedule van die erfopvolgingsplan gehou het, sal die beredding van die boedel bloot 'n uitvoering van die boer se laaste wil en wense wees.

### **Slotsom**

Erfopvolging behels 'n hele aantal aspekte en die besluitneming en beplanning daar rondom beïnvloed baie mense se lewens. Daarom is erfopvolging meer as net die opstel van 'n testament, die uitneem van lewenspolisse of die oprigting van 'n trust. In die komende maande sal daar in hierdie rubriek volledig aan al hierdie aspekte aandag gegee word.

---

**BETHLEHEM**  
**Januarie 2003**